Central Provincial loft

Bloemfontein

NUUT VIR

2024

NUWE SPANKOMPETISIE / BEST FANCIER

Die inskrywingsfooi en reels vir 2024 vir Jong en Ope duiwe bly soos dit tans is. Geen verandering hier nie. Inskrywingsfooi van R1,500 per duif met deposito betaalbaar einde Maart en finale betaling voor eerste wedvlug. Alle duiwe ingeskryf neem deel aan die gewone program, die karwedvlug ingesluit.

Die Ace Duif Kompetisie soos tans bestaan gaan ook voort.

Die bestaande Spankompetisie en Klubkompetisie val weg.

ADDISIONEEL / ADDITIONAL

In die plek van die bestaande Spankompetisie. Nomineer 5 duiwe uit jou span wat jy inskryf vir 'n ekstra fooi van R10,000 per span. Jy kan meer as een span nomineer. Skryf genoeg duiwe in sodat daar ekstra duiwe oorbly waarvan jy jou span kan aanvul gedurende die wedvlugprogram indien nodig.

Persone kan ook sindikate vorm om 'n span in te skryf. Hierdie sindikaat neem deel aan die Elite Championship as sindikaat, maar in die gewone program sal die duif se eienaar die prysgeld ontvang.

Hierdie duiwe neem OOK deel aan die gewone program van die Sentrale Hokke wat alle prysgelde insluit, dus geld die gewone R1,500 per duif ook vir hierdie duiwe. Addisioneel neem hulle deel aan die Elite Championship wat deur 'n puntestelsel bepaal sal word. Hierdeur word die ELITE CHAMPION vir die seisoen gekroon met GROOT PRYSE.

Dit werk so:

- **1 Span R10,000 vir 5 duiwe**
- **100 Spanne = R1 MILJOEN (80% PRYSGELD)**
- **Registrasie van span/ne vanaf 1 Maart. Registreer vroegtydig asb om teleurstelling te voorkom.**
- **Betaling – 50% deposito einde Maart, nominasies en finale betaling einde Mei.**
- **Na nominasie kan duiwe nie tussen spanne geskuif word nie. Slegs verlore of beseerde duiwe mag vervang word uit jou poel. Indien 'n duif vervang is, kan hy nie weer terugkeer na die span nie. 'n Verlore duif wat egter nie vervang is nie, kan weer by die span inval indien hy terugkeer.**
- **Span wat duiwe verloor kan uit sy poel (duiwe wat nie genomineer is nie) aangevul word. Jy kan egter nie 'n ander deelnemer se duif aktiveer wat nie oorspronklik deel van jou geregistreerde span was nie.**
- **Wenner sal deur 'n volpunt stelsel bepaal word bereken op die top 15% van die totale aantal duiwe in elke wedvlug.**
- **Deelnemers mag soveel spanne hulle wil nomineer. Elke span sal egter op sy eie kompeteer. Duiwe mag nie van een span na die ander oorgeplaas word nie.**
- **Punte word bereken op al 7 wedvlugte – Hanover tot Matjiesfontein.**

Voorgestelde pryse op 100 Spanne; (Indien meer of minder spanne inskryf sal prysgeld pro-rata bepaal word)

1. **R300,000**
2. **R200,000**
3. **R100,000**
4. **R75,000**
5. **R50,000**
6. **6-10 R15,000**

Hierdie konsep word ook deurgetrek na die Ope duiwe wat op dieselfde manier werk, met die verskil dat ‘n span slegs uit 3 duiwe bestaan vir ‘n R5,000 fooi.

Ons wil dus deelnemers aanmoedig om meer duiwe in die Opes in te skryf sodat jy genoeg duiwe het om ‘n span te vul plus dalk ‘n ekstra een in jou poel in geval van ‘n verlore duif.

‘n Deelnemer kan ook meer as een span inskryf. Dieselfde reels geld vir die Grand Open Championship.

Geprojekteerde prysgeld gebaseer op 50 spanne:

1. **R100,000**
2. **R50,000**
3. **R25,000**
4. **R15,000**
5. **R10,000**